


'n Korpusondersoek na *huidiglik*

**Author:**Gerhard B. van Huyssteen¹ **Affiliation:**¹Center for Text Technology (CTeX), North-West University, South Africa**Corresponding author:**Gerhard van Huyssteen,
gerhard.vanhuyssteen@nwu.ac.za**Dates:**

Received: 29 May 2018

Accepted: 02 Aug. 2018

Published: 05 Nov. 2018

How to cite this article:Van Huyssteen, G.B., 2018, 'n Korpusondersoek na *huidiglik*, *Literator* 39(2), a1527. <https://doi.org/10.4102/lit.v39i2.1527>**Copyright:**© 2018. The Authors.
Licensee: AOSIS. This work is licensed under the Creative Commons Attribution License.

A corpus exploration of *huidiglik*. In tandem with Van Huyssteen (2018a), this article examines the current usage of the word *huidiglik* ('currently') (an alleged Anglicism), together with other associated words (e.g. its base, *huidig* 'current'). Based on a comprehensive literature review, Van Huyssteen (2018a) concludes that apart from stylistic preferences, none of the linguistic arguments against *huidiglik* holds water. In this article, a corpus exploration of some of the issues pertaining to *huidiglik* is undertaken. Based on evidence from a large variety of corpora, we conclude that *huidiglik* has become well-established in Afrikaans over the past four decades, both in formal texts and informal chat language. Since it does not displace any of its often-prescribed synonyms (like *tans*, *deesdae*, or *teenswoordig*), it confirms that arguments for its status as an Anglicism is rather thin. Although the inflected form *huidige* is mostly used as pronominal adjective, its uninflected form is also used with noticeable frequency as adverb and predicative adjective. *Huidiglik*, however, is used almost exclusively as adverb, rarely as inflected attributive adjective, but never as predicative adjective. Lastly, it is shown that adverbialising *-lik* occurs with high frequency in Afrikaans, but it is not very productive. In addition, it is illustrated that *-ig-lik* is an entrenched suffix pairing.

Inleiding

Die woord *huidiglik* is besonder kontroversieel in Afrikaans. Aan die een kant word dit dikwels deur preskriptiwiste, taalpraktisyns en taalpuriste skerp en vurig afgekeur, terwyl dit 'n woord is wat al vir die afgelope jare frekwent in veral gesproke taal voorkom. Op een uitsondering na (Prinsloo 2003), is opmerkings oor die woord *huidiglik* en sy basiswoord *huidig* (voortaan gesamentlik *huidig[lik]*) se frekwensie en spreiding egter dikwels informeel en anekdoties. Vergelyk byvoorbeeld die waarneming van Combrink (1995b):

Op die Afrikaanse Onderwyskongres in Bloemfontein, Junie 1995, het ek oor die 40 keer die bywoord *huidig* met die betekenis 'tans' gehoor uit die mond van geleerde kongresgangers. Dit is nutteloos om langer teen die prikkels te skop: *huidig* is *huidig* deel van die taalskat van meningvormende Afrikaanssprekendes. En as *huidig* deel is, dan is daar ook nie meer geldige besware teen *huidiglik* nie. Ook *huidiglik* het ek dosyne kere gehoor op dié onderwyskongres. (bl. 11)

In dieselfde jaar merk Prinsloo en Odendal (1995) egter presies die teenoorgestelde op: 'Dit lyk asof die gebruik [van *huidiglik*] aan die verminder is in openbare toesprake, maar dit het lank nog nie gesneuwel voor die ekonomiese alternatiewe nie.' Agt jaar later, in die enigste korpusondersoek wat nog oor die twee woorde gedoen is, kom Prinsloo (2003) egter tot die gevolgtrekking dat *huidiglik* sodanig gevestig is dat dit verdien om in woordeboeke opgeneem te word.

Desnieteenstaande hierdie bevinding van Prinsloo (2003) – wat vanuit 'n leksikografiese perspektief geskryf is – kom *huidiglik* twaalf jaar later in die sesde uitgawe van die *Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal* (Luther, Pfeiffer & Gouws 2015) nog steeds voor met 'n gebruiknota:

hui'dig-lik bw. ... Opmerking: Alhoewel *huidiglik* dikwels (in formele, gesproke Afrikaans) gebruik word, word die gebruik daarvan steeds deur die meeste kundiges afgekeur en deur subredakteurs uit geskrewe tekste geweier. > **deesdae, nou¹, tans**

Gegewe hierdie woordeboekinskrywing, kan woordeboek- en ander taalgebruikers met reg vra:

1. Wie is hierdie kundiges waarna HAT (2015) verwys, en wat is hulle argumente teen die gebruik van *huidig(lik)*?; en
2. HAT⁶ stel dit dat *huidiglik* 'dikwels' gebruik word. Hoe dikwels word *huidiglik* in eietydse Afrikaans gebruik?

Die eerste vraag word uitvoerig in Van Huyssteen (2018a) beantwoord, maar 'n aantal addisionele vrae word daarin geïdentifiseer wat in 'n korpusondersoek beantwoord moet word. Die oorhoofse

Read online:

Scan this QR code with your smart phone or mobile device to read online.

doel van hierdie artikel is dus nie net om die tweede vraag hier bo te beantwoord nie, maar ook die volgende addisionele vrae:

1. **Diachronie:** Is daar korpusbewyse wat die vermoede dat *huidiglik* in die 1970's ontstaan het (Van Huyssteen 2018a), ondersteun?
2. **Leksikologie:** Is *huidiglik* 'n modeverskynsel (De Villiers 1981), of is dit juis verouderd (De Villiers 1986)? Overgesetsynde, kom *huidiglik* meer as 30 jaar ná De Villiers se uitsprake steeds in Afrikaans voor?
3. **Leksikologie:** Kom *huidiglik* met 'n hoër frekwensie as, of met 'n toename ten koste van, alternatiewe woorde of frases (sinonieme) voor? Overgesetsynde, hoe vergelyk die woordfrekwensieklasse van *huidiglik* en sy sinonieme?
4. **Leksikologie:** Is *huidiglik* beperk tot amptenaarstaal (bv. regeringstekste), of 'tot de deftige schrijftaal' (volgens die artikel uit 1907 in die *Woordenboek der Nederlandse Taal* [WNT] – De Vries & Te Winkel 1864–1997)?
5. **Morfosintaksis:** Word *huidig* as bywoord, of predikatiewe of onverboë adjektief in Afrikaans gebruik, anders as menige bron wat meen dat slegs *huidige* as prenominaal adjektief voorkom (bv. Carstens 2018:134–135)?
6. **Morfosintaksis:** In aansluiting by Kempen (1969:535) se woordsoortelike waarnemings oor woorde wat gevorm word met *-lik*, word *huidiglik* as bywoord én adjektief gebruik, of slegs as bywoord?
7. **Morfologie:** Is *-lik* as adverbialiseerder produktief in eietydse Afrikaans?
8. **Morfologie:** Kom die *-ig-lik*-kombinasie dikwels in hedendaagse geskrewe Afrikaans voor?

In die volgende afdeling word die data en metodes wat vir hierdie navorsing gebruik is, breedvoerig bespreek; vir 'n literatuuroorsig oor *huidiglik*, kyk Van Huyssteen (2018a). In die daaropvolgende afdelings word bostaande vrae sistematies aan die hand van korpusdata beantwoord. Ten slotte word dié gegewens oorweeg om 'n standpunt te formuleer oor die eksterne norme (d.i. met betrekking tot die taal in gebruik) (Carstens 2018:28) wat tans ten opsigte van *huidiglik* sou kon geld. Hoewel hierdie artikel slegs op 'n enkele woord en sy verskillende vorme fokus, wil dit ook illustreer hoe metodes uit die korpuslinguistiek gebruik kan word om gebruiksgesbaseerde preskriptiwistiese standpunte te evalueer en desnoods te formuleer.

Data en metodes

Die versameling tekste in die Virtuele Instituut vir Afrikaans se Korpusportaal: Omvattend (voortaan VivA-KPO) dien as primêre vertrekpunt in hierdie artikel. Tensy anders vermeld, kom alle voorbeeldmateriaal en data uit dié versameling van meer as 150 miljoen woorde (kyk Tabel 1). Die meeste van die tekste in hierdie versameling kan beskou word as geredigeerde teks (d.i. van uitgewers) wat 'n beeld van eietydse geskrewe Standaardafrikaans (St.Afr.) weergee. 'n Klein gedeelte van die Taalkommissiekorpus (5,8 miljoen woorde) is gekategoriseer as fiksie, terwyl die NWU/Lapa- en PUK/Protea-korpus (gesamentlik 25 miljoen woorde) ook

TABEL 1: Korpusse in VivA-KPO (2018).

Afkorting	Naam ¹	F(N) ²	F(die) ³
TK	Taalkommissiekorpus 1.1	47 321 344	3 622 416
NCHLT	NCHLT- Afrikaanse korpus 1.0	2 229 214	180 300
MM	NWU/Maroela Mediakorpus 1.3	13 676 057	676 155
LAPA	NWU/Lapa-korpus 1.2	14 765 318	982 329
PK	PUK/Protea Boekhuiskorpus 2.2	10 475 499	714 074
RSG	RSG-nuuskorpus 2.2	16 230 082	1 575 558
LAK	Leipzig- Afrikaanse korpus 1.0	28 776 800	4 616 291
WAK	Wikipedia- Afrikaanse korpus 1.1	17 001 677	1 413 025
Totaal	-	150 475 991	13 780 148

TABEL 2: Ander korpusse.

Afkorting	Naam	F(N) ⁴
WKJ	Watkykky.co.za-korpus 1.3	1 352 457
WKK	CTeX Webkommentaar-korpus 0.1	14 676 632
LAK-2013	Afrikaanse Leipzigkorpus: tekste uit 2013	86 926 329
LAK-2014	Afrikaanse Leipzigkorpus: tekste uit 2014	165 594 102
JLNK	Jana Luther se Afrikaanse Niefiksiekorpus	5 996 133
HKSA	Historiese Korpus van Standaardafrikaans	1 032 180
PKGA	Ponelis se Korpus van Gesproke Afrikaans	~500 000

primêr uit fiksietekste bestaan. 'n Mens kan aanneem dat daar in hierdie fiksiegedeeltes tekens sou wees van gesproke dialektiese Afrikaans (D.Afr.), maar dat dit hoegenaamd nie verteenwoordigend van D.Afr. is nie. Insgelyks is die versameling nie homogeen met betrekking tot die mate van redigering van die tekste nie. So byvoorbeeld kan die Wikipediakorpus as semigeredigeerd beskou word, terwyl daar 'n hoë mate van wisseling veronderstel moet word in die Leipzigkorpus wat slegs uit internettekste bestaan.

Aangesien 'n mens kan aanneem dat die VivA-KPO skeef getrek is ten opsigte van St.Afr., word soveel as moontlik ander bronne en korpusse betrek om 'n meer verteenwoordigende beeld van *huidiglik* te probeer kry. Dié versameling (kyk Tabel 2) bestaan uit:

- **WKJ:** Watkykky.co.za-korpus 1.3, bestaande uit informele blogs, hoofsaaklik geskryf in sogenaamde Zefrikaans (Breed 2017).
- **WKK:** CTeX Webkommentaar-korpus 0.1 (CTeX 2018), 'n versameling van kommentare wat vanaf 2014–2018 op nuuswebblaaie en blogs gelewer is.
- **LAK-2013 en LAK-2014:** Leipzig- Afrikaanse korpus (Projekt Deutscher Wortschatz 2017a en 2017b), bestaande uit 'n mengsel van tekste wat outomaties van die internet afgelaai is – onderskeidelik in 2013 en 2014. Daar is geen oorvleueling tussen hierdie tekste en die tekste wat ingesluit is in die weergawe van LAK in VivA-KPO nie.
- **JLNK:** Jana Luther se Afrikaanse Niefiksiekorpus (Luther 2017), 'n persoonlike korpus (nie beskikbaar vir verspreiding nie) van koerantartikels, niefiksieboeke,

1. Vir volledige besonderhede, kyk die subafdeling 'Korpusse' in die afdeling 'Verwysings'.

2. Berekening gedoen op 30 April 2018.

3. In die afdeling Korpusondersoek word hierdie inligting gebruik om die frekwensieklas N van woorde te bereken.

4. Die frekwensie van dié in die onderskeie korpusse word nie gerapporteer nie, aangesien hierdie korpusse nie gebruik word om die frekwensieklas van woorde te bereken nie.

blogs en ander niefiksietekste. In hierdie artikel word spesifiek gewerk met 'n subdeel van die koerantgedeelte wat tussen 1986 en 2005 gepubliseer is; slegs die jare 2001 en 2002 ontbreek. Die subdele wissel in grootte tussen ~60 000 en ~960 000, met 'n gemiddeld van ~330 000 per jaar. (Waar die akroniem JLNK gebruik word, verwys dit na hierdie subdeel van die korpus.)

- **HKSA:** Historiese Korpus van Standaardafrikaans (Kirsten 2015), 'n gestratifiseerde korpus van niefiksietekste, geskryf in Standaardafrikaans en verdeel in vier periodes: 1911–1920 (242 686 woorde); 1941–1950 (263 838 woorde); 1971–1980 (262 386 woorde); en 2001–2010 (263 270 woorde) (Kirsten 2016:67).
- **PKGA:** Ponelis Korpus van Gesproke Afrikaans (Ponelis 1976), wat bestaan uit gesproke data van gesprekke, lesings en radio-onderhoude, versamel in die vroeë 1970s. Aangesien kwaliteitskontrole nog nie op die volledige korpus toegepas is nie, is dit ten tyde van publikasie van hierdie artikel nog slegs moontlik om aan te dui dat die korpus uit ongeveer 500 000 woorde bestaan. Desgevolglik sal hierdie korpus ook nie in enige van die statistiese vergelykings gebruik word nie.
- **Google:** Aangesien beskikbare korpusse te klein is of neig om slegs geredigeerde teks te bevat, kan 'n soekenjin soos Google gebruik word om na alternatiewe materiaal te soek. Daar word slegs in die laaste instansie – nadat alle ander beskikbare korpusse ontgin is – van Googlesoektogte gebruikgemaak. Wanneer Googlesoektogte gebruik word, word die protokol in Van Huyssteen (2017) streng gevolg.

Die primêre datastel is uit VivA-KPO onttrek en in Notepad++ en Microsoft Excel verwerk en geannoteer; alle statistiese verwerkings is in Microsoft Excel gedoen. Tensy anders vermeld word, word:

- tik-/spelfoute (bv. **huidilgik* en **heidilgik*) om praktiese redes uitgesluit uit die data;
- woorde wat in die selfnoemfunksie gebruik word, by die data ingesluit; en
- statistiek deurgaans op woordvormtellings (en nie lemmatellings nie) baseer.

Waar relevant vir vergelykingsdoeleindes, word die frekwensie van 'n woord $F(n_i)$ genormaliseer na frekwensie per miljoen woorde ($fpmw$) uit die totale aantal woorde $F(N)$ in die korpus:

$$fpmw = \frac{F(n_i)}{\frac{F(N)}{1\,000\,000}} \quad [\text{Vergl. 1}]$$

Indien $fpmw \geq 20$ is, word die woord as hoogs frekwent geag; indien $fpmw \leq 2$ het dit 'n lae frekwensie; van 3 tot 19 is gemiddeld. Hierdie skaal is egter nie so intuïtief soos byvoorbeeld 'n sewepuntlikertskaal nie en maak ook nie voorsiening vir woorde wat glad nie in kleiner korpusse voorkom nie. Om dié redes het Van Heuven et al. (2014) 'n logaritmiëse Zipfianse skaal voorgestel. Met die $fpmw$ as vertrekpunt word die Zipf-waarde van 'n woord bereken met

$\log_{10}(\text{frekwensie per miljard woorde})$, of $\log_{10}(fpmw) + 3$. Woorde wat een keer in 'n 100-miljoenwoordkorpus voorkom, het $Zipf = 1$; woorde wat een keer in 'n 10-miljoenwoordkorpus voorkom, het $Zipf = 2$; woorde wat een keer in 'n 1-miljoenwoordkorpus voorkom, het $Zipf = 3$; ensovoorts.

Ten einde voorsiening te maak vir woorde met 'n $fpmw = 0$, word die frekwensie van die onderhawige woord $F(n_i)$ met 1 vermeerder. Dienooreenkomstig moet die aantal tekseenheidtypes $F(V)$ ('types') per miljoen woorde ook saam met die aantal tekseenhede $F(N)$ ('tokens') per miljoen woorde in berekening gebring word, sodat

$$Zipf = \log_{10} \left(\frac{F(n_i) + 1}{\frac{F(N)}{1\,000\,000} + \frac{F(V)}{1\,000\,000}} \right) + 3 \quad [\text{Vergl. 2}]$$

Die skaal strek van ~1 tot ~7; woorde met $Zipf < 4$ is laefrekwensiewoorde, $4 \leq Zipf < 7$ dui op hoëfrekwensiewoorde, terwyl woorde met $Zipf \geq 7$ gewoonlik funksiewoorde met 'n baie hoë frekwensie is (bv. *die, en, is, het, van, in* en *nie*).

Om keuses tussen leksikale items (bv. tussen *huidiglik* en *tans*) te beskryf, word gewerk met 'n keusemodel waar veronderstel word dat keuseopsies vry is om te varieer (Wallis et al. 2012:4). Die waarskynlikheid P dat 'n bepaalde vorm n_i uit die totale aantal werklike keuseopsies n_i gekies sal word, is:

$$P(n_i | \{n_1, n_2, n_3, \dots, n_i\}) = \frac{F(n_i)}{F(\{n_1, n_2, n_3, \dots, n_i\})} \quad [\text{Vergl. 3}]$$

waar $F(n_i)$ die totale aantal gevalle (ongenormaliseerde frekwensie) van die een woord is, $F(n_2)$ van die tweede woord, ensovoorts (Wallis et al. 2012:4). Die waarskynlikheid P word uitgedruk as 'n waarde tussen 0 (onwaarskynlik) en 1 (volkome waarskynlik). Aangesien daar met waarskynlikhede gewerk word, kan ook met die gemiddeld van waarskynlikhede oor verskillende korpusse heen gewerk word. In Van Huyssteen (2017) word hierdie metode aan die hand van 'n gevallestudie geïllustreer.

Morfologiese produktiwiteit word in die eng sin van die woord (Baayen & Lieber 1991) gemeet as $MP = n_i/N$, waar MP die produktiwiteitsmeting is; n_i die totale aantal hapax legomena wat die morfeem bevat, is; en N die totale aantal tekseenhede ('tokens') met daardie morfeem is. MP is kleiner vir onproduktiewe prosesse en groter vir produktiewes. Vir vergelykingsdoeleinde word die nominaliseerder *heid* as verwysingspunt gebruik, aangesien Kempen (1969:481) meen dat dit 'n hoogs produktiewe suffiks in Afrikaans is. Gebaseer op data uit die TK-korpus, bevestig Van Huyssteen (2018b) dié aanname oor *heid* ($MP = 0,02$).

Diachronie

Vraag 1

Is daar korpusbewyse wat die vermoede dat *huidiglik* in die 1970s ontstaan het (Van Huyssteen 2018a), ondersteun?

Daar bestaan helaas tans nie voldoende omvattende korpusse om die vraag bevredigend te antwoord nie. Ons is daarom op brokkies konvergerende bewyse uit verskillende bronne aangewese om tot 'n onbevestigde gevolgtrekking te kan kom. Die volgende bewyse is daarom nie afdoende om die hipotese dat *huidiglik* in die 1970s in gesproke amptenaarstaal ontstaan het, te bewys nie, maar is die enigste korpusbewyse wat wel kan dien:

- **PKGA:** Geen trefslae is in die korpus aangetref nie. Hou in gedagte dat dié korpus in die eerste helfte van die 1970s ingesamel is.
- **HKSA:** Daar is twee trefslae van *huidiglik* in dié korpus ($fpmw = 1.94$), beide in die tydperk 2001–2010. Let op dat daar juis ook geen trefslae in die periode 1971–1980 is nie.
- **Googlesoektoeg:** Van Huyssteen (2018a) meld dat die oudste sitaat in geskrewe Afrikaans wat met behulp van 'n Googlesoektoeg opgespoor kon word, uit 1982 dateer.

Leksikologie

Vraag 2

Is *huidiglik* 'n modeverskynsel (De Villiers 1981), of is dit juis verouderd (De Villiers 1986)? Overgesetsynde, kom *huidiglik* meer as 30 jaar ná De Villiers se uitspraak steeds in Afrikaans voor?

Sou 'n mens vir Afrikaans 'n korpus soos Google se n-gram-korpusse vir 'n verskeidenheid wêreldtale⁵ gehad het, sou 'n mens groei-of-krimp-tendense vir 'n bepaalde woord kon aantoon. In VivA-KPO is die inligting oor publikasiedatums helaas onbruikbaar, aangesien die onderskeie korpusse nie akkuraat van metadata oor publikasiedatums voorsien is nie.


Figuur 1 illustreer die spreiding van die woord *hierdie* (normaliter een van die 50 frekwentste woord in enige Afrikaanse korpus) in VivA-KPO, waaruit die skeefheid van dié versameling duidelik blyk. Dit is dus onmoontlik om op hierdie stadium diachrone inligting uit hierdie versameling te gebruik.

Behalwe vir die kleinskalige HKSA beskik Afrikaanse navorsers helaas nie oor 'n omvangryke of verteenwoordigende diachroniese korpus nie. Die enigste diachrone korpusdata wat tot my beskikking was, is die subdeel uit die koerantgedeelte van JLNK (kyk hierbo vir 'n beskrywing van dié versameling). In vergelyking met, toon Figuur 2 (op dieselfde skaal) die relatiewe frekwensiestabiliteit⁶ van *hierdie* in die subdeel waarmee gewerk word, met die $fpmw$ wat tussen ~15 000 en ~35 000 wissel. Die implikasie hiervan is dat hierdie gedeelte van JLNFK wel geskik is vir frekwensievergelykings ($fpmw$) oor die tydperk van bykans twee dekades.

Indien *huidiglik* bloot 'n modeverskynsel is (De Villiers 1981), kan 'n mens 'n skerp piek iewers op die woord se frekwensielyn verwag; as dit aan 't verouderd is (De Villiers 1986), sou 'n mens 'n dalende frekwensielyn kon verwag.


5. <https://books.google.com/ngrams/info>

6. LL = 491.27 ($p < 0,0001$) (Rayson 2016)




fpmw, frekwensievergelykings

FIGUUR 1: Hierdie in VivA-KPO.



fpmw, frekwensievergelykings

FIGUUR 2: Hierdie ($fpmw$) in 'n subdeel van die koerantgedeelte van JLNFK.



fpmw, frekwensievergelykings

FIGUUR 3: *Huidiglik* en *onvriendelike* ($fpmw$) in 'n subdeel van die koerantgedeelte van JLNFK.

In Figuur 3 word die frekwensielyn van *huidiglik* naas dié van *onvriendelike* – 'n doodgewone en algemene woord wat nie modieus of verouderend is nie – vir vergelykingsdoeleindes getoon.⁷ Dit is ooglopend dat die trajekte van beide woorde se frekwensielyne ongeveer dieselfde is, soos ook blyk uit die byna parallellope R^2 -tendenslyne. Ons kan vervolgens die logiese afleiding maak dat *huidiglik* ook nie tekens vertoon dat dit modieus of verouderend (in hierdie korpus) is nie. Hierdie tendens word ook deur Prinsloo (2003) in sy ondersoek in verskeie koerantkorpusse bevestig.

7. Die skaal is 1:1000 in vergelyking met Figuur 1 en 2. *Huidiglik* se gemiddelde $fpmw = 30$; *onvriendelike* se gemiddelde $fpmw = 51$.

TABEL 3: *huidiglik* in VivA-KPO se korpusse.

Korpus	huidiglik	
	$F(n_i)$	Zipf
TK	106	4.4
NCHLT	32	5.1
MM	2	3.4
LAPA	0	2.9
PK	4	3.7
RSG	0	2.7
LAK	500	5.0
WAK	4	3.4

Is daar korpusbewyse dat *huidiglik* meer as 30 jaar ná De Villiers se uitsprake steeds in Afrikaans voorkom? Indien dit 'n modeverskynsel was, of besig was om te verouder, dan sou ons kon aanneem dat ons nie eintlik meer die woord 30 jaar later sou teëkom nie. Aangesien VivA-KPO gesien kan word as 'n versameling van eietydse Standaardafrikaans, sou ons die aanname kon maak dat dié korpusse gebruik kan word om 'n sinchroniese blik op 'n bepaalde woord te kry.

Uit 'n vergelyking van al die korpusse in VivA-KPO (kyk Tabel 3) blyk dit dat *huidiglik* 'n hoëre frekwensie ($Z \geq 4$; aangedui in vetdruk) in drie van die agt korpusse het, met die hoogste relatiewe frekwensies in NCHLT (regeringstekste, wat *huidiglik* se status in amptenaarstaal enigszins bevestig; Zipf = 5.1) en LAK (groot verskeidenheid tekste van die internet afgelaai; Zipf = 5.0). Let ook op die lae frekwensies en Zipf-waardes van korpusse waar 'n mens 'n gevestigde redigeerpraktiek met 'n sterk redigeerbeleid of huisstyl kan verwag, byvoorbeeld by uitgewers soos Protea Boekhuis en LAPA, asook nuusdienste soos Maroela Media en RSG. Hierdie gegewens bevestig dus dat *huidiglik* sekerlik van 'n modeverskynsel tot 'n gevestigde woord in geskrewe Standaardafrikaans gegroei het. Of *huidiglik* in 'n verskeidenheid genres en registers voorkom, sal in Vraag 4 bespreek word.

Vraag 3

Kom *huidiglik* met 'n hoër frekwensie as, of met 'n toename ten koste van alternatiewe woorde of frases (sinonieme) voor? Oorgesetsynde, hoe vergelyk die woordfrekwensieklasse van *huidiglik* en sy sinonieme?

Outeurs wat van mening is dat *huidiglik* 'n anglisisme is, argumenteer dat *huidiglik* vorme soos *nou*, *tans*, *deesdae*, *teenswoordig* (Carstens 2018:134), op hierdie oomblik, in hierdie tyd (HAT³), soos *sake nou staan* (HAT2015), by hierdie geleentheid, in ons moderne tyd, heden en op hierdie oomblik in die tyd (Combrink & Spies 1994) verdring. Vir die anglisistiese argument om te bly staan, moet 'n mens dus kan aantoon dat *huidiglik* met 'n toename ten koste van hierdie alternatiewe woorde of frases, of met 'n hoër frekwensie as hulle voorkom.

Om praktiese redes word daar hier gewerk met 'n potensiele keuseruimte van vier enkelwoorditems: *huidiglik*, *tans*, *deesdae* en *teenswoordig*.⁸ Daar word veronderstel dat op elke gegewe

⁸Weens sy homonimiese en polisemiese aard, word *nou* (wat vele outeurs as alternatief vir *huidiglik* noem) nie in die ondersoek betrek nie.

TABEL 4: *huidiglik* en sinonieme in VivA-KPO se korpusse.

Korpus	berekening	<i>huidiglik</i>	<i>tans</i>	<i>deesdae</i>	<i>teenswoordig</i>
TK	$F(n_i)$	106	9155	3889	36
	P	0.01	0.69	0.29	0.00
NCHLT	$F(n_i)$	32	648	13	1
	P	0.05	0.93	0.02	0.00
MM	$F(n_i)$	2	4593	726	5
	P	0.00	0.86	0.14	0.00
LAPA	$F(n_i)$	0	297	1417	1
	P	0.00	0.17	0.83	0.00
PK	$F(n_i)$	4	330	431	13
	P	0.01	0.42	0.55	0.02
RSG	$F(n_i)$	0	2768	99	0
	P	0.00	0.97	0.03	0.00
LAK	$F(n_i)$	500	17576	5606	61
	P	0.02	0.74	0.24	0.00
WAK	$F(n_i)$	4	4799	630	78
	P	0.00	0.87	0.11	0.01
Totaal	-	648	40166	12811	195
Gemiddelde	-	0.01	0.71	0.28	0.00


oomblik waartydens aan die betekenis [met die aard van die hede] uiting gegee kon word, elke outeur 'n keuse had tussen hierdie vier woorde (en slegs hierdie vier woorde). Op dié manier kan ons dus bereken wat die waarskynlikheid is dat iemand *huidiglik* ten koste van die ander woorde gebruik het, asook of daar 'n groei- of daaltendens oor 'n tydperk heen is.

Uit Tabel 4 blyk dit duidelik dat *huidiglik* hoegenaamd geen 'bedreiging' vir *tans* en *deesdae* inhou nie. Intendeel, die waarskynlikheid dat *huidiglik* en *teenswoordig* in geskrewe (Standaard-)Afrikaans gekies word, is weglaatbaar klein – selfs in veronderstelde semigeredigeerde tekste soos in WAK, of in tekste waarvan die vlak van redigering wisselend sou kon wees, soos in LAK. Let ook interessantheidshalwe daarop dat *tans* slegs in twee korpusse, te wete LAPA en PK, nie die waarskynlikste woord is nie, maar eerder *deesdae*. Beide hierdie korpusse bestaan merendeels uit fiksie, en die laer waarskynlikheid van *tans* in hierdie twee korpusse bevestig dus enigszins Combrink en Spies (1994) se stelling dat *tans* ook 'n deftige amptenaarswoord is.

Het *huidiglik* miskien *teenswoordig* verdring? Of sien ons oor 'n langer periode dalk 'n daling in die gebruik van *tans* en *deesdae*? Gebaseer op twintig jaar se data uit JLNFK, toon Figuur 4 dat die frekwensielyn van *huidiglik* en *teenswoordig* in wese bo-op mekaar is, gelyklopend is en byna nie sigbaar aan die onderkant van die grafiek is nie. (Vir 'n ingezoomde weergawe van *huidiglik* se frekwensielyn, kyk Figuur 3.) *Deesdae* se R²-tendenslyn is byna vertikaal, terwyl *tans* s'n met *huidiglik* en *onvriendelik* s'n in Figuur 3 vergelyk kan word. Daar is dus geen bewyse uit die beskikbare korpusse dat *huidiglik* oor 'n tydperk van vier dekades (of meer) enigszins enige van sy sinonieme verdring het nie.

Vraag 4

Is *huidiglik* beperk tot amptenaarstaal (bv. regeringstekste), of 'tot de deftige schrijftaal' (volgens die artikel uit 1907 in WNT (De Vries & Te Winkel 1864–1997)?



fpmw, frekwensievergelykings

FIGUUR 4: *Huidiglik* en sinonieme in 'n subdeel van die koerantgedeelte van JLNFK.

Dit is veral Combrink (1995a; 1995b; 1995c) wat van mening is dat *huidiglik* by uitstek in amptenaarstaal voorkom, en soos in Van Huyssteen (2018a) geargumenteer is, is daar ook 'n oorwig van bewyse dat *huidiglik* waarskynlik sy ontstaan in amptenaarstaal het. Die vraag hier is of *huidiglik* in eietydse Afrikaans (dus meer as 20 jaar ná Combrink se uitsprake) ook tekenend van amptenaarstaal is, of anders gestel, of *huidiglik* in 'n verskeidenheid soorte tekste voorkom.

In Tabel 3 hier bo is reeds gewys dat *huidiglik* die hoogste relatiewe frekwensies in NCHLT (regeringstekste) en LAK (internettekste) het, telkens met $Zipf = 5$. By 'n gebrek aan 'n ander korpus wat tekenend van amptenaarstaal is, moet ons vir empiriese bewyse volstaan met NCHLT. 'n Googlesoektoeg in die .gov.za-domein (regeringsdomein) bevestig egter dat *huidiglik* in tallose amptelike regeringsdokumentasie voorkom. Vergelyk onderstaande voorbeelde uit wette, die *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring*, vraestelle en memoranda, en so meer:

- ... die munisipaliteit nie *huidiglik* sy finansiële verpligtinge teenoor sy skuldeisers kan nakom nie ... (Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur 56 van 2003)
- ... die goedere bestem is om te bly onder die doeaneprosedure waarvoor die goedere *huidiglik* vrygestel is ... (Wet op Doeanebeheer 31 van 2014)
- As 'n motor *huidiglik* R90 000 werd is, wat sal die motor werd wees in twee jaar se tyd [sic] as die waarde van die motor afneem met ongeveer 15% in die eerste jaar en 10% in die tweede jaar? (Departement van Basiese Onderwys 2011:123)
- Huidiglik* word die implementering van hierdie beleide gemonitor deur die regering. (Departement van Onderwys 2008a:15)
- Huidiglik* is die ekonomiese groeikoers 1.4% (Provinsie Wes-Kaap 2015:30)
- 'ontwikkelingsbord' [beteken] 'n advertensie wat op 'n perseel vertoon word waar boubedrywigheide *huidiglik* aan die gang is ... (Provinsie Wes-Kaap 2008:56)
- Omdat dit *huidiglik* nog nie afgehandel en toegeken is nie kan dit nie publiseer [sic] en oorgedra word nie. (Provinsie Wes-Kaap 2010:49)

Ook vir *huidig* (onverboë) kan talle voorbeelde uit regeringsdokumentasie in die .gov.za-domein aangebied word, soos:

- Daar is 18 miljoen Suid-Afrikanders (in 3 miljoen huishoudings) wat *huidig* nie toegang het tot basiese sanitasie nie. (Departement van Waterwese en Bosbou s.j.:1)
- ... aan Nedcor verskuldig is, welke bedrag *huidig* opeisbaar en betaalbaar is. (Nedcor Bank Limited v SDR Investment Holdings Co [Pty] Ltd 2008:2)
- ... om die *huidig* befondsde projekte vir werkskepping en inkomstegenerering te evalueer ... (Provinsie Wes-Kaap 2012:162)
- Deurdat hierdie en ander wetgewende knelpunte (*huidig* of dreigend) geïdentifiseer is ... (Provinsie Wes-Kaap 2017:66)

Uit bostaande voorbeelde is dit duidelik dat sowel *huidiglik* as onverboë *huidig* tot die deftige skryftaal van amptenare hoort. Hoe staan sake aan die teenoorgestelde kant – in ongeredigeerde tekste, informele Afrikaans en kletstaal? Tabel 5 gee 'n oorsig van resultate uit alle beskikbare korpusse: die korpusse in VivA-KPO (bo die skeidingslyn; data in Tabel 3 word hier herhaal), sowel as dié wat nie by VivA-KPO (onder die skeidingslyn) ingesluit is nie. Vir vergelykingsdoeleindes word data vir *huidige* en *hede* ook in die tabel ingesluit.

Uit die gegewens in Tabel 5 kan vervolgens drie gevolgtrekkings gemaak word:

- Oor alle korpusse heen het *huidiglik* 'n gemiddelde *Zipf*-waarde van 4.3. Dit impliseer dat *huidiglik* in die kategorie hoëfrekwensiewoorde ($Zipf \geq 4$) val en dat ons dus kan sê dat *huidiglik* goed gevestigd is in Afrikaans.
- Die feit dat *huidig* lae *Zipf*-waardes in MM, LAPA, PK en RSG het, wys waarskynlik ook weereens die hand van teksredakteurs in hierdie korpusse, asook op die feit dat *huidig* en *huidiglik* nie werklik met mekaar in kompetisie is nie. Laasgenoemde word bevestig deur *huidig* se lae *Zipf*-waarde in 'n ongeredigeerde korpus soos WKJ.
- Die feit dat *huidiglik* die hoogste *Zipf*-waarde in WKK het ($Zipf = 5.6$), bevestig dat *huidiglik* ook (veral) deel is van informele kletstaal (en nie net amptenaarstaal nie). Die feit dat *huidig* se *Zipf*-waarde in PKGA die hoogste is ($Zipf = 5.1$), bevestig dat *huidig* allermins beperk is tot 'deftige skryftaal'.

Morfosintaksis

Vraag 5

Word *huidig* as bywoord of predikatiewe of onverboë adjektief in Afrikaans gebruik, anders as menige bron wat meen dat slegs *huidige* as prenominaal adjektief voorkom (bv. Carstens 2018:134–135)?

Ten spyte van leksikograwe en preskriptiwiste se aanname dat onverboë *huidig* nie in Afrikaans voorkom nie, het dit 'n gemiddelde *Zipf*-waarde van 3.7 oor alle korpusse heen

TABEL 5: *huidiglik* en verwante woorde in alle korpusse.

Korpus	<i>huidiglik</i>		<i>huidig</i>		<i>huidige</i>		<i>hede</i>	
	$F(n_i)$	Zipf	$F(n_i)$	Zipf	$F(n_i)$	Zipf	$F(n_i)$	Zipf
TK	106	4.4	62	4.2	6967	6.2	1079	5.4
NCHLT	32	5.1	2	4.1	710	6.4	27	5.0
MM	2	3.4	0	2.9	2106	6.2	199	5.2
LAPA	0	2.9	0	2.9	198	5.2	219	5.3
PK	4	3.7	2	3.5	378	5.6	146	5.2
RSG	0	2.7	0	2.7	3362	6.2	114	4.8
LAK	500	5.0	251	4.7	9877	6.3	1687	5.6
WAK	4	3.4	43	4.3	4449	6.3	910	5.6
WKJ	8	4.8	0	3.8	25	5.3	7	4.7
WKK	256	5.6	55	4.9	2154	6.5	188	5.4
LAK-2013	871	4.8	363	4.4	14902	6.0	2146	5.2
LAK-2014	1550	5.3	531	4.8	25413	6.5	4055	5.7
JLNK	165	4.5	75	4.2	47751	7.0	2934	5.8
HKSA	2	4.6	1	4.4	119	6.2	17	5.4
PKGA	0	4.6	2	5.1	53	6.3	3	5.2
Gemiddeld	-	4.3	-	3.7	-	6.1	-	5.3

(kyk Tabel 5). Ook *huidig* het dus sy plek in Afrikaanse skryftaal.

'n Analise van die 62 gevalle in TK bring aan die lig dat *huidig* verreweg die meeste kere (76%) as bywoord van tyd en as deel van die predikaat gebruik word, soos in (12) hier onder. In slegs drie gevalle (5%) word *huidig* in sy bywoordelike gebruik as voorbepaling by 'n adjektief gebruik, soos in (13). In 4 gevalle (6%) word *huidig* as bywoord selfstandig gebruik, byvoorbeeld om 'n datum te vervang (soos in (14) hier onder), of bo-aan 'n kolom in rekenkundige state. Slegs in 8 gevalle (13%) word *huidig* as postnominale attributiewe adjektief gebruik, soos in (15) hier onder.

1. Daar is *huidig* geen gepubliseerde inligting beskikbaar waarin ...
2. ... die *huidig* heersende filosofiese beskouing ...
3. Die landbou-mynbou-nywerheidstadium (1914 tot *huidig*) ...
4. ... behalwe om prosesse (*huidig* en histories) te probeer ...

Van die 62 gevalle kom slegs een uit die fiksiedeelte van TK; dit bevestig dus ook die gegewens in Tabel 5 dat *huidig* veel minder in geredigeerde korpusse wat merendeels uit fiksietekste bestaan, voorkom. Die meeste gevalle (66%) van *huidig* in TK kom in akademiese tekste voor, waarmee tog weer enigsins aangedui kan word dat dit 'n deftige element bevat.

Vraag 6

In aansluiting by Kempen (1969) se woordsoortelike waarnemings oor woorde wat gevorm word met *-lik*, word *huidiglik* as bywoord én adjektief gebruik, of slegs as bywoord?

Kempen (1969:535) stel dat woorde wat gevorm word met *-lik* meestal as bywoord én adjektief gebruik kan word, en dat daar eintlik net een is wat eksklusief as bywoord funksioneer, naamlik *naarstiglik*. Op die oog af lyk dit asof *huidiglik* ook so 'n geval is: Uit die 106 trefslae in TK, funksioneer 97 suiwer

TABEL 6: *huidiglike* in alle korpusse.

Korpus	<i>huidiglike</i>	
	$F(n_i)$	Zipf
TK	3	3
NCHLT	0	4
MM	0	3
LAPA	0	3
PK	0	3
RSG	0	3
LAK	3	3
WAK	0	3
WKJ	0	4
WKK	9	4
LAK-2013	16	3
LAK-2014	23	3
JLNK	4	3
HKSA	0	4
PKGA	0	5
Gemiddeld	-	0.8

as bywoord van tyd en as deel van die predikaat. Die ander nege gevalle behels die selfnoemfunksie, soos in (16):

1. ... die gebruik van modewoorde soos *huidiglik* ...

Wat interessant is, is dat *huidiglik* wél soms as prenominaal attributiewe adjektief funksioneer, dan wel in verboë vorm soos in (17) hier onder. Uit die 23 gevalle in LAK-2014 (kyk Tabel 6) is 21 adjektiewe. In een geval word *huidiglike* as selfstandige naamwoord gebruik (in die plek van *hede*; kyk [18]) en in een geval bywoordelik as voorbepaling by die adjektief *ge-'fire'-de* (kyk (19)).

1. Maak altyd van die atleet se *huidiglike* liggaamsmassa gebruik.
2. Die gaping tussen die *huidiglike* en die droom is soos die Grand Canyon wat net nie wil kleiner word nie.
3. 'Attie, mmh wat 'n snaakse naam' het 'n *huidiglike* ge'fire' de zimdollarjoernalis gedink.

Ons kan dus tot die gevolgtrekking kom dat *huidiglik* oorwegend as bywoord gebruik word, by uitsondering as verboë attributiewe adjektief, maar nooit as predikatiewe adjektief nie.

Morfologie

Vraag 7

Is *-lik* as adverbialiseerder produktief in eietydse Afrikaans?

Woorde wat op die letters *-lik* eindig, is hoogs frekvent in Afrikaans; daar is byvoorbeeld 1 066 210 trefslae in VivA-KPO. Boonop is baie van die woorde vals trefslae, soos byvoorbeeld *klik*, *oomblik* of *konflik*. Sonder 'n hoogs akkurate woordsoortetiketeteerder, is dit dus 'n haas onbegonne taak om slegs rekenaarmatig die produktiwiteit van *-lik* as adverbialiseerder vas te stel.

Ten einde die soekruimte te verklein, word daar vir doeleindes van hierdie artikel slegs met data uit die TK-korpus gewerk. Alle woorde wat op *-lik* en *-like* eindig, is uit die korpus onttrek, sodat $F(-lik) = 287\,794$ en $F(-like) = 174\,831$. Uit dié data is daardie gevalle onttrek wat nie *-like*-ekwivalente het nie, met die veronderstelling dat sulke gevalle potensieel adverbiaal gebruik word. Uit hierdie oorblywende gevalle is alle naamwoorde (bv. *koekblik*), werkwoorde (bv. *verduidelik*), vorme met stamme of prefikse as linkerlid (bv. *toeristevriendelik* en *medeverantwoordelik*) en spelfoute (bv. **gewoonklik*) handmatig uit die data verwyder. Ter wille van die berekening van die produktiwiteit van *-lik* is alle hapax legomena ook binne konteks gekontroleer, om seker te maak dat hulle wel bywoordelik gebruik word. Die finale datastel bestaan uit 153 tekseenheidstipes ('types') en 10 777 tekseenhede ('tokens'), met 'n totaal van 92 hapax legomena. Die twintig frekwentste gevalle word in Tabel 7 gelys.

Met dié data in pag kan die produktiwiteit van adverbialiserende *-lik* gemeet word, relatief tot die hoogs produktiewe suffiks *-heid* (Van Huyssteen 2018b). Deur die formule van Baayen en Lieber (1991) te gebruik, word die produktiwiteit gemeet as $MP = 0,009$. Die produktiwiteitsmeting is dus aansienlik laer as *-heid* se MP van 0,02, wat beteken dat *-lik* minder produktief as *-heid* is. Desalnietemin, *-lik* is wel enigszins produktief.

Ter wille van illustrasie, vergelyk enkele van die hapax legomena wat eindig op *-lik*:

1. Maar Durban het verander, die binnestadse verderf het *skynlik* al die sjarme van haar historiese prag vernietig en soos elders het die middelklas en rykes gevlug noorde toe, nes die Voortrekkers.
2. Hy het sy tong *spytlik* geklik.
3. Om volkome beskerming uit immunisering te verhaal, moet hulle *volgordelik* op spesifieke ouderdomme van die baba toegedien word.

Vraag 8

Kom die *-ig-lik*-kombinasie dikwels in hedendaagse geskrewe Afrikaans voor?

In die besinning oor *huidiglik* lug Van Huyssteen (2018a) die vraag of *-ig-lik* wel 'n 'geldige' kombinasie van suffikse is.

TABEL 7: Frekwentste bywoord wat op *-lik* eindig (TK).

Woord	$F(n_i)$	Zipf
naamlik	8474	6
kwalik ⁹	683	5
alleenlik	293	5
vryelik	237	5
beswaarlik	221	5
sweerlik	143	5
genadiglik	137	5
valslik	74	4
vernaamlik	51	4
besonderlik	47	4
wyslik	40	4
vrywilliglik	36	4
onnodiglik	22	4
vuriglik	21	4
gewilliglik	19	4
koulik	17	4
goedgunstiglik	16	4
effektiewelik	13	4
ewiglik	8	3
oorvloediglik	8	3

Hy toon reeds daar aan dat woorde wat op *-ig-lik* eindig, al voorkom in van die oudste tekste wat in formele Standaardafrikaans geskryf is, waaronder *goed-gunstiglik* [sic], *naarstiglik* en *gewilliglik* (uit HKSA).

In hedendaagse geskrewe Afrikaans kom die *-ig-lik*-kombinasie ook dikwels voor. In VivA-KPO is daar 3 507 trefslae ('tokens') van woorde wat op *-ig-lik(-e)* eindig, bestaande uit 139 unieke trefslae ('types'); in WKK is daar 720 trefslae waarvan 60 uniek is. Die produktiwiteit van dié morfeemkombinasie is selfs hoër as *-heid* se gemete 0,02: Vir *-ig-lik* is $MP = 0,03$ in VivA-KPO; in WKK is $MP = 0,08$.

In Tabel 8 word die tien frekwentste gevalle in VivA-KPO aangedui, met daarnaas die ooreenstemmende rangorde in WKK. Vergelyk (23) tot (25) vir 'n aantal voorbeelde met 'n lae frekwensie.

1. In 'n motorresensie: ... sakte krulvere (waarvan die bons lank aanhou), ferm dempers (om einste bons *tydiglik* hok te slaan) ...
2. Sonde het ontstaan deur die wil van die skepsel, die eerste en laaste keer wat hy 'n vrye wil gehad het, en dan die vrye wil, met sy vrye wil, *vrywilliglik* en *wetenswilliglik* afstand van gedoen het deur daardie oortreding.
3. Die Bokke het die bal uitstekend beskerm en *lustiglik* lug gegee ...

Gevolgtrekking

In samehang met Van Huyssteen (2018a) is *huidiglik* en talle verwante woorde en morfeme in hierdie tweeluik artikels ondersoek. Die oorhoofse doel was om 'n deskriptiewe beeld van *huidiglik* te skets, ten einde te bepaal wat die eietydse (preskriptiewe) norme oor dié woord sou kon wees.

⁹Kwalik word ingesluit by dié groep, aangesien dit histories bestaan uit kwaad en *-lik*.

TABEL 8: Frekwensie van woorde in Viva-KPO wat op *-ig-lik* eindig.

Woord	Viva-KPO			WKK		
	Rang	Frekwensie	Persentasie van totaal (%)	Rang	Frekwensie	Persentasie van totaal (%)
genadiglik	1	990	28,2	3	105	14,6
huidiglik	2	648	18,6	1	256	37,4
wettiglik	3	295	8,4	2	109	15,1
naarstiglik	4	277	7,9	6	16	2,2
vrywilliglik	5	180	5,1	4	47	6,5
goedgunstiglik	6	172	4,9	13	6	0,8
vuriglik	7	100	2,9	25	3	0,4
gewilliglik	8	82	2,3	11	8	1,1
onnodiglik	9	78	2,2	5	22	3,1
ewiglik	10	71	2,0	12	6	0,8

Van Huyssteen (2018a) bevind 'dat daar geen taalkundige besware teen *huidig(lik)* ingebring kan word nie' en dat stilistiese besware meestal 'n kwessie van smaak is. Hierdie interne norme word deur middel van die korpusondersoek in hierdie artikel ook as eksterne norme bevestig, soos blyk uit die antwoorde op die navorsingsvrae wat aan die begin van hierdie artikel gestel is:

1. *Huidiglik* is al vir meer as vier dekades deel van Afrikaanse woordeskat.
2. *Huidiglik* was miskien aanvanklik 'n modeverskynsel (De Villiers 1981), maar is vandag goed gevestigd in Afrikaans.
3. *Huidiglik* verdring geen sinonieme of alternatiewe woorde nie. Aan die hand van korpusbewyse kan geargumenteer word dat *huidiglik* dus nie 'n anglisme is nie, aangesien dit nie aan die kriterium van verdringing voldoen nie.
4. *Huidig(lik)* is nie beperk tot amptenaarstaal of die deftige skryftaal nie: Beide kom met ewe hoë frekwensies voor in 'n regeringstekste, 'n informele kletstaal op die internet. Dit blyk egter dat beide minder in fiksietekste voorkom, asook in kontekste met 'n sterk gevestigde redigeerpraktyk.
5. *Huidige* word meestal as prenominaal adjektief gebruik, maar *huidig* kom wel ook met redelike frekwensies voor as bywoord en predikatiewe of onverboë adjektief.
6. *Huidiglik* word oorwegend as bywoord gebruik, by uitsondering as verboë attributiewe adjektief, maar nooit as predikatiewe adjektief nie.
7. Die adverbialiseerder *-lik* kom met 'n hoë frekwensie voor, maar is minder produktief as 'n produktiewe suffiks soos *-heid*.
8. Die *-ig-lik*-kombinasie van suffiks kom dikwels en produktief in hedendaagse geskrewe Afrikaans voor.

Erkenning

Met dank en erkenning aan Jana Luther wat goedgunstiglik (!) vir my data uit haar niefiksiekorpus onttrek het.

Mededingende belange

Die outeur verklaar hiermee dat hy geen finansiële of persoonlike verbintenis het met enige party wat hom voordelig of nadelig kon beïnvloed het in die skryf van hierdie artikel nie.

Literatuurverwysings

- Baayen, H. & Lieber, R., 1991, 'Productivity and English derivation: A corpus-based study', *Linguistics* 29, 801–844. <https://doi.org/10.1515/ling.1991.29.5.801>
- Breed, A., 2017, 'The subjective use of postural verbs in Afrikaans (II): A corpus analysis of CPV en in Zefrikaans', *Stellenbosch Papers in Linguistics* 52, 23–43. <https://doi.org/10.5842/52-0-709>
- Carstens, W.A.M., 2018, *Norme vir Afrikaans*, 6e uitg., Van Schaik, Pretoria.
- Combrink, J.G.H., 1995a, 'Redes waarom "wettiglik", "naarstiglik" en "huidiglik" nie tautologieë is nie', *Beeld* 23 Januarie, bl. 7.
- Combrink, J.G.H., 1995b, 'Woordeboek nie altyd op datum', *Die Burger* 26 Junie, bl. 11.
- Combrink, J.G.H., 1995c, 'Geforseerde "huidiglik" kom uit Amptenaraans', *Beeld* 6 Maart, bl. 7.
- Combrink, J.G.H. & Spies, J., 1994, *Sakboek van regte Afrikaans*, Tafelberg, Kaapstad.
- CTeXt, 2018, *CTeXt Webkommentaarokorpus 1.0*, CTeXt, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, besoek op 30 April 2018, by <http://humanities.wvu.ac.za/ctext>
- Departement van Kuns en Kultuur & CTeXt, 2017, *Afrikaanse NCHLT-tekskorpus*, CTeXt, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, besoek op 30 April 2018, by <https://doi.org/ISLRN:544-932-849-161-3>
- De Villiers, M., 1981, 'Modeverskynsels in die taal', *Die Kerkbode*.
- De Villiers, M., 1986, 'Los liewer "-lik" in Afrikaans', *Rapport*, 20 April, bl. 15.
- De Vries, M. & Te Winkel, L.A. (reds.), 1864–1997, *Woordenboek der Nederlandsche taal [WNT]*, Martinus Nijhoff, 's-Gravenhage.
- Kempen, W., 1969, *Samestelling, afleiding en woorde soortelike meerfunksionaliteit in Afrikaans*, Nasou, Kaapstad.
- Kirsten, J., 2015, *Historiese korpus van Standaardafrikaans 1.0*, Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark.
- Kirsten, J., 2016, *Grammatikale verandering in Afrikaans van 1911–2010*, Ongepubliseerde PhD-proefskrif, Noordwes-Universiteit, Vanderbijlpark.
- Lapa-uitgewers & CTeXt, 2017, *NWU/Lapa-korpus 1.1*, CTeXt, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, besoek op 30 April 2018, by <http://viva-afrikaans.org>
- Luther, J., Pfeiffer, F. & Gouws, R.H. (reds.), 2015, *Handwoordeboek van die Afrikaanse taal*, 6e uitg., Pearson, Kaapstad.
- Luther, J., 2017, *Afrikaanse niefiksiekorpus 1.0*, Persoonlike versameling, Kaapstad.
- Maroela Media & CTeXt, 2017, *NWU-Maroela Media-korpus 1.1*, CTeXt, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, besoek op 30 April 2018, by <http://viva-afrikaans.org>
- Ponelis, F.A., 1976, *Ponelis korpus van Gesproke Afrikaans 1.0*, Universiteit Stellenbosch, Stellenbosch.
- Prinsloo, A.F., 2003, 'Huidiglik – 'n sondebok (bet. 1)', in W.F. Botha (red.), 'n *Man wat beur*, bl. 305–313, Buro van die WAT, Stellenbosch.
- Prinsloo, A.F. & Odendal, F.F., 1995, *Afrikaans op sy beste: Hulp met moderne taalkwessies*, Van Schaik, Pretoria.
- Projekt Deutscher Wortschatz, 2018, *Afrikaans corpus*, Abteilung Automatische Sprachverarbeitung, Universität Leipzig, Leipzig, besoek op 30 April 2018, by <http://viva-afrikaans.org>
- Projekt Deutscher Wortschatz, 2017a, *Afrikaans corpus [LAK-2013]*, Abteilung Automatische Sprachverarbeitung, Universität Leipzig, Leipzig, besoek op 30 April 2018, by http://corpora.uni-leipzig.de/en?corpusId=afr_mixed_2013
- Projekt Deutscher Wortschatz, 2017b, *Afrikaans corpus [LAK-2014]*, Abteilung Automatische Sprachverarbeitung, Universität Leipzig, Leipzig, besoek op 30 April 2018, by http://corpora.uni-leipzig.de/en?corpusId=afr_mixed_2014
- Protea Boekhuis & CTeXt, 2017, *PUK/Protea Boekhuis-korpus 2.1*, CTeXt, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, besoek op 30 April 2018, by <http://viva-afrikaans.org>
- Provinsie Wes-Kaap, 2008, 'Buitengewone provinsiale koerant 6543', 09 September, Provinsie Wes-Kaap, Kaapstad.
- Provinsie Wes-Kaap, 2010, 'Buitengewone provinsiale koerant 6703', 02 Maart, Provinsie Wes-Kaap, Kaapstad.

- Provinsie Wes-Kaap, 2012, 'Department van Maatskaplike Ontwikkeling', Jaarverslag 2011/2012, Kaapstad.
- Provinsie Wes-Kaap, 2015, Wes-Kaapse Onderwysdepartement, *Vaardigheidstoets vir merkers: Vraestel 1 & 2 Ekonomie, Augustus*, Provinsie Wes-Kaap, Kaapstad.
- Provinsie Wes-Kaap, 2017, Departement van Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme, Jaarverslag 2016/2017, Kaapstad.
- Rayson, P., 2016, 'Log-likelihood and effect size calculator', besigtig op 14 Maart 2018, by <http://ucrel.lancs.ac.uk/llwizard.html>
- Radio Sonder Grense & CteX, 2015, *RSG-nuuskorpus 2.0*, CTeX, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, besoek op 30 April 2018, by <http://viva-afrikaans.org>
- Suid-Afrika, s.j., Departement van Waterwese en Bosbou, *Die beleid op basiese huishoudelike sanitasie in 'n japtrap*, Pretoria, besoek op 23 Mei 2018, by <http://www.dwaf.gov.za/downloads/ws/content/LIDS/PDF/afrikaans3.pdf>
- Suid-Afrika, 2003, *Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Finansiële Bestuur 56 van 2003*, Pretoria.
- Suid-Afrika, 2008a, Departement van Onderwys, *Nasionale Senior Sertifikaat: Besigheidstudies – Memorandum*, Pretoria.
- Suid-Afrika, 2008b, Nedcor Bank Limited v SDR Investment Holdings Co (Pty) Ltd 2008 (274/07) ZASCA 11, *South African Legal Information Institute*, besoek op 07 Desember 2017, by <http://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/2008/11.html>
- Suid-Afrika, 2011, Departement van Basiese Onderwys, *Kurrikulum- en assesseringsbeleidsverklaring: Graad 10–12 – Wiskundige geletterdheid*, Staatsdrukker, Pretoria.
- Suid-Afrika, 2014, *Wet op Doeanebeheer 31 van 2014*, Staatsdrukker, Pretoria.
- Taalkommissie van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns, 2011, *Taalkommissiekorpus 1.1*, CTeX, Noordwes-Universiteit, Potchefstroom, besoek op 30 April 2018, by <http://viva-afrikaans.org>. Toegang op 30 April 2018.
- Van Heuven, W.J.B., Mander, P., Keuleers, E. & Brysbaert, M., 2014, 'Subtlex-UK: A new and improved word frequency database for British English', *Quarterly Journal of Experimental Psychology* 67, 1176–1190. <https://doi.org/10.1080/17470218.2013.850521>
- Van Huyssteen, G.B., 2017, 'Opname- en elimineringskriteria vir die Afrikaanse Woordelys en Spelreëls: Die geval emeritus. Deel 2', *Tydskrif vir Geesteswetenskappe* 57, 346–368.
- Van Huyssteen, G., 2018a, 'Norme vir huidiglik', *Literator* 39(2), a1526. <https://doi.org/10.4102/lit.v39i2.1526>
- Van Huyssteen, G.B., 2018b, 'The hulle and goed constructions in Afrikaans', in G. Booij (ed.), *The construction of words: Advances in construction morphology*, Springer, Dordrecht. https://doi.org/10.1007/978-3-319-74394-3_15
- Virtuele Instituut vir Afrikaans, 2017, *Korpusportaal: Omvattend*, besoek op 30 April 2018, by <http://viva-afrikaans.org>
- Wallis, S., Bowie, J. & Aarts, B., 2012, 'That vexed problem of choice. Some reflections on experimental design and statistics with corpora', *International Conference on Advances in Mechanics Engineering (ICAME 33)*.
- WatKykJy, 2017, *Watkykly.co.za-korpus 1.1*, WatKykly.co.za, besoek op 30 April 2018, by <http://viva-afrikaans.org>